

24 Oktober

God rig ons oë op Hom

Skrif- en Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:8-11

Die erg gestremde verval dikwels in depressie en verloor die sin van die lewe uit die oog. Ons lewensvisie vernou só dat ons – soos Paulus sê – “... *sels die hoop om te bly lewe, laat vaar ...*” Vrae soos: *Waarom laat God my gestremdheid toe? Waarom gee Hy vir my 'n gestremde kind? Hoekom is my gestremdheid so erg, amper onhoudbaar?* En op die meeste van die vrae is daar nie antwoorde nie.

Paulus voel magteloos: “*Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons sels die hoop om te bly lewe, laat vaar het.*” Só erg dat dit gevoel het of daar 'n doodsvonnis oor hulle uitgespreek was. Dan gee hy die doel van hierdie erge beproewing: “... *Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe.*” Die beproewing van een of ander gestremdheid laat ons weer ons afhanklikheid van God besef.

Soos Paulus se doring in sy vlees (2 Kor 12), laat God ons in die geloof besef sy genade is vir ons genoeg. Jesus sê (Matt 5:3): “*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*” Wanneer elkeen dink aan sy eie doring in sy vlees, of dit gestremdheid van een of ander aard is, chroniese siekte, besef ons net weer ons totale afhanklikheid van ons almagtige Vader in die hemel, met sy verhewe doel met alles in ons lewe (Rom 8:28).

Sing: Ps 116:5, 6, 7 (TT Cloete)

Ds. Ockert Oosthuizen (Cullinan)